

## Ekumene en inter-godsdiens dialoog

“Ekumene” is ‘n hoogmode woord en konsep. Die verskeidenheid van kerke en die noodroep dat al hierdie kerke onder een liggaam huis moet kom, is eie aan die moderne era. Aan die een kant is daar nou meer ruimte as ooit om individualisties te wees as mens of as homogene groep. Aan die ander kant is die media gedrewe sosiale druk toenemend gefokus op inklusiwiteit wat gewoonlik beteken almal is deel van die een organisasie wat alles en almal akkommodeer (behalwe beginselvaste persone wat nie gaan ja-en-amen sê nie). Oor die spanning tussen beginselvastheid en inklusiwiteit as hoogste beginsel, sal daar nog ‘n Skietlood moet val. Intussen is dit nodig om te vra na die aard en perke van ekumeniese tendense in die 21e eeu.

Die ironiese van die situasie soos dit tans ontvou, is dat die ekumeniese beweging gedeeltelik sy oorsprong gehad het in die sendingywer van die verskillende kerkgenootskappe teen die einde van die 19e eeu. Die behoefté het gou ontstaan dat daar saamgewerk moes word. Die ekumeniese beweging het met ander woorde ‘n sterk sendingagtergrond as basis. ‘n Volgende wortel van die ekumeniese beweging kan gevind word in die veranderende wêreld en die uitreik van die Roomse kerk. Hierdie deel van die ekumeniese beweging het aanleiding gegee tot die ontstaan van die Wêreld Raad van Kerke (WRK/WCC). Die verpolitisering en politieke aard van hierdie stroom binne die ekumeniese oseaan beteken dat Skietlood nie veel aandag daaraan sal sken

nie. Verdere inligting is beskikbaar op skakels soos

[http://www.orthodoxresearchinstitute.org/articles/ecumenical/john\\_thermon\\_history\\_ecumenism.htm](http://www.orthodoxresearchinstitute.org/articles/ecumenical/john_thermon_history_ecumenism.htm)

Die geskiedenis van die ekumeniese beweging kan nagevors word. Die begrip het ontstaan uit die Griekse woord (*oikoumene*) wat verwys na die hele wêreld met al haar inwoners. Die fokus is met ander woorde op alle inwoners van die aarde. Aanvanklik was die gedagte om almal te kersten. Daarvoor was dit nodig dat alle Christene saamwerk en dat alle pogings gekoördineer moes word. Die fokus het egter verskuif. Francis die Heilige het per geleentheid gestel dat mense moet uitgaan en die evangelie verkondig en indien nodig, woorde moes gebruik. Hy het bedoel dat die barmhartigheid en liefde van Christene hul hoof instrument moes wees in die verkondiging van die Evangelie. Deur siekes te versorg en te genees, armes te voed, bejaardes te ondersteun edm, moes Christene mense se harte vir Jesus wen. Die versorgingsgesindheid heers skynbaar binne die ekumeniese beweging. Daar is al by herhaling verwys na die ekumeniese beweging soos WCRC se oppervlakkige bevrydings-teologie. Een besoek aan die webwerf is genoeg om ten minste die denkrigting van die ekumeniese liggaam aan te dui (<http://www.wcrc.ch/>).

Die sosiale gerigtheid van die ekumene val op: “WCRC consciously calls itself a “communion of churches”. As a communion WCRC is based on the understanding of koinonia. Jesus Christ has

revealed that koinonia is the reality of the participation of his sisters and brothers into his body. This reality is clearly visible in our life when we share bread and wine at Christ's table when in fact we share the body and blood of Christ and when through this koinonia all kinds of injustice, racism, separation and lack of freedom are radically challenged'. Therefore WCRC affirms that there can be no communion without justice and no justice without communion. Any separation between the call to communion and the commitment to justice would ignore the basis of koinonia.

Met 'n eerste instap word dit ook duidelik dat die teologie van die WCRC die konsep van die hele wêreld in gesprek verbreed het tot 'n gesprek waarby **alle gelowe betrek kan word**.

(<http://www.wcrc.ch/node/40>).

Daarmee saam wil die WCRC so akkommodeerend moontlik wees ten opsigte van theologiese perspektiewe, met in agneming van die bevrydingsteologiese aard van hulle gerigtheid. Die NHKA se volgehoue strewe om deel te word van die WCRC sal moet rekening hou met die feit dat die WCRC **reeds** Belhar as deel het van hulle **belydenisgrondslag**. Dit kan wees dat die WCRC nie die NHKA gaan dwing om self Belhar te aanvaar nie. Deur deel te wil word van die WCRC verleen die NHKA egter per implikasie 'n geldigheid aan 'n dokument wat nie deel kan wees van 'n belydenisgrondslag nie. **In beginsel is die NHKA se aansoek 'n erkenning van die status wat Belhar geniet by hierdie organisasie.**

Die WCRC reik uit na almal in nood ('n prysenswaardige ideaal), maar ook na ander godsdienste. Nie om hulle te kersten nie, maar om **in dialoog te tree** sodat daar vanaf 'n groter

basis werk gemaak kan word van "**sosiale geregtigheid**".

Dit sou nie verregaande wees om die volgende te beweer nie:

- Die ekumeniese bewegings het nie meer die verkondiging van die evangelie aan ongelowiges ten doel nie.
- Die sendingywer aan die oorsprong het plek gemaak vir 'n strewe na "**sosiale geregtigheid**".
- Ekumene strewe na die **strukturele eenheid van alle kerke**.
- Die ekumeniese beweging het reeds begin beweeg in die rigting van die evangelie vervlak tot 'n "hier en nou" saak.
- Saam met die WRK en die Roomse kerk, beweeg die grootste reformatoriese organisasie (WCRC) in die rigting van "ekumene" breër verstaan as ook 'n saak van tussen godsdienste (gelowe) gesprek.

Die nuutste pous het reeds met sy inhuldiging die hand gereik na verskeie ander godsdienste.

*"Pope Francis formally began his ministry as Bishop of Rome and as Pope by pledging to protect the Catholic Church, the dignity of each person and the beauty of creation, just like St Joseph protected Mary and Jesus. "To protect creation, to protect every man and every woman, to look upon them with tenderness and love is to open up a horizon of hope," he told between 150,000 and 200,000 people gathered under sunny skies in St Peter's Square and the nearby streets. With representatives of other Christian churches and communities, delegations from 132 countries, Jewish and Muslim leaders as well as Buddhists, Hindus, Sikhs and Jains present, Pope Francis preached the Gospel, but insisted the values it espouses*

*are essentially human, “involving everyone”.* Hierdie klink na nog ‘n stem wat roep om **sosiale geregtigheid**, en dit in die teenwoordigheid van ander godsdienste. Die oproep na sosiale geregtigheid word so geplooï dat almal by die saak betrek kan word, sonder dat hulle tot geloof in Jesus Christus hoef te kom.

Teen hierdie agtergrond is die vraag nou na **die hart van die evangelie**. Dit was nog altyd die Ortodokse verstaan dat die hart van die evangelie is dat Jesus mens geword het, gesterf het en opgestaan het om alle mense van hulle sonde te verlos. **Sosiale geregtigheid is**

**mensgemaak.** Geregtigheid voor God is ‘n kruis-gegewe genade.

Terwyl ekumene na strukturele eenheid en mensgemaakte geregtigheid strewe, sal die kerk al hoe verder beweeg van die Groot Opdrag van Matteus 28:18-20: - ***Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."***